IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-02-22

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 349

(Bladsye 19 934 - 19 997)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 22 FEBRUARIE 1988.

MAXALA SIMON VILAKAZI, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U edele, al die beskuldigdes is teenwoordig vandag.

Mnr. Vilakazi, ek wil vir u daarop attent maak dat beskuldigde nr. 5 het in die getuienis wat hy gegee het gesê dat die aksiekomitee oor sekere resolusies besluit vooraf wat moet voorgelê word en aanvaar word op die stigtingsvergadering van VCA? -- Ja, dit is reg. Daar was resolusies gewees wat deur die aksiekomitee aanvaar was.

Een wat hy sê waaroor julle besluit het in die aksiekomitee was dat daar 'n burgerlike gemeenskapsorganisasie in die Vaal tot stand moet kom. Stem jy saam? -- As ek nog reg onthou, was dit 'n voorstel gewees wat gemaak is by die stigtingsvergadering deur een van die lede van die aksiekomitee.

Maar die punt wat ek maak is voor die stigtingsvergadering, die koukusvergadering van die aksiekomitee toe julle besluit het oor die resolusies wat voorgestel moes word. Stem jy saam dat daar het julle besluit alreeds dat dit sal een van die resolusies wees wat voorgestel word? -- Ek kan nie meer onthou nie. Dit kan wees.

Kan u onthou dat hy sê daar was 'n ander resolusie wat hulle daar bespreek het in die aksiekomitee en daar aanvaar het wat voorgestel moet word, is dat daar genoeg huise gebou moet word en dat die huise van voldoende grootte moes wees? -- Soos ek alreeds vroeër gesê het, daar is resolusies wat aanvaar was by die aksiekomitee, maar ek kan nie meer so g[illegible] onthou of dit nou die resolusies was nie, maar dit kan wees dat dit ook die resolusies is van die aksiekomitee.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan u onthou dat 'n volgende een wat voorgestel was en wat daar bespreek en aanvaar was voordat die stigtingsvergadering plaasgevind het was dat 'n twispunt gemaak word van die hoë huur wat betaal word en dat die huur sodanig moet wees dat die mense dit kan betaal? -- Of dit nou ook die resolusie was deur die aksiekomitee kan ek nie meer onthou nie.

HOF : As u nou deur almal gegaan het, waar gaan ons heen, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Ek sal terugkom daarnatoe. Ek wil spesifiek verwys na sekere van hulle dat hulle erns was om hierdie resolusies te aanvaar.

HOF : Beskuldigde nr. 4 het mos so gesê. Of u betwis dit dan kruisverhoor u die man daaroor of u aanvaar dit, dan staan dit op rekord en hy het niks daaroor gesê en dan bly dit staan, maar ek kan geen sin sien dat u dit herhaal kry as u dit wil aanvaar nie. Ek kan begryp as u daaroor kruisverhoor as u nie daarmee saamstem nie.

MNR. JACOBS : Ek sal nou daarby kom. Hierdie resolusies wat u daar aanvaar en bespreek het moes tog baie belangrik gewees het vir die aksiekomitee om dit aanvaar te kry? -- Ja ek kan so sê dat dit iets van belang was.

Dan behoort u tog mos te onthou wat dit was as dit so belangrik was? -- Die rede hoekom ek dit nou nie spesifiek kan onthou nie, is omdat van die resolusies wat ons alreeds bespreek het, ook daarvan 'n voorstel gemaak was by daardie vergadering.

En ek stel dit aan jou verder dat julle het die resolus wat julle aanvaar het, het nie net te doene gehad met plaaslike aangeleenthede nie, maar het 'n nasionale belang gehad?

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Wat ek van weet is dat die VCA alleenlik te doene gehad het met die probleme van die Vaal. Daar was wel mense gewees vanaf die ander areas wat in die omgewing van die Vaal werksaam was wat dus ook die vergadering bygewoon het.

Ek stel dit aan u een van die resolusies wat aanvaar was op die aksiekomiteevergadering is die verwerping van die Koornhof wette en die presidentsraad se voorstelle van die nuwe grondwet en dit het baie beslis gegaan verder as plaaslike aangeleenthede? -- As dit die geval is dat dit te doene gehad het met die hele land, meen dus dat dit ons ook daar in die Vaal geraak het.

En dan is daar verder spesifiek 'n resolusie aanvaar, ek stel dit aan u, dat julle op 'n landswye basis sou saam gewerk het? -- Ek weet nie hoe ek dit aan u moet oordra om u te verstaan nie, maar wat ek vroeër hier gesê het was dat die aksiekomitee daar was met die oog op die stigting van die werklike organisasie.

En ek stel dit aan u dat die aksiekomitee het baie verder gegaan as net plaaslike aangeleenthede. Hulle was gedetermineerd deur vooraf te besluit dat 'n resolusie aanvaar moet word dat op 'n landswye grondslag die stryd opgeneem moet word en dat die te stigte Vaal burgerlike gemeenskapsorganisasie daarby moes inval. Julle wou seker maak daarvan? -- Die aksiekomitee het net te doene gehad met die stigting van die Vaal se organisasie. Dit het niks te doene gehad met iets buite die Vaal nie.

Weet u dat daar so 'n resolusie op die aksiekomitee voorgestel is en op die vergadering van 9 Oktober 1983 en aanvaar is dat daar saam gewerk word met ander organisasies, met dieselfde doelstellings? -- U vraag is nie vir my

duidelik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

duidelik nie.

Weet u dat daar 'n resolusie aanvaar is dat die VCA, as hy gestig word, saam werk met ander organisasies op ander plekke? -- Deur wie was dit besluit volgens u?

Dit was eerstens deur die aksiekomitee gesê en dit is voorgestel op die vergadering van die 9de en aanvaar? -- Ek sal nie kan onthou of dit wel aanvaar was by die stigtingsvergadering van die 9de nie, maar by die aksiekomitee se vergadering was daar geen besluite geneem wat om gedoen te word met betrekking tot dit nie.

As beskuldigde nr. 5 so gesê het dan is dit die onwaarheid? -- As dit die geval is dat beskuldigde nr. 5 so gesê het, sal dit dus beteken dat so 'n besluit was geneem by 'n vergadering wat ek nie bygewoon het nie. Wat ek wel kan sê is dat by hierdie aksiekomitee het ons hoegenaamd geen besluite geneem van wat die organisasie se pligte gaan wees wat gestig moet word nie. Dit sou afgehang het van die gemeenskap wat hulle verlang het wat hierdie organisasie moet doen.

Jy was teenwoordig by die vergadering van die aksiekomitee toe julle besluit het oor die resolusies wat julle gaan voorlê op die stigtingsvergadering? -- Ja, ek was teenwoordig.

En dit is, stel ek aan u, daar waar die aksiekomitee besluit het dat so 'n resolusie aanvaar moes word? -- As dit die geval is dat daar so 'n besluit geneem was by die vergadering waar ek teenwoordig was, dan sal dit beteken dat ek die persoon is wat daarvan vergeet het, maar wat my betref kan ek nie onthou dat daar so 'n besluit geneem was nie.

En ek wil dit aan u stel dat hierdie resolusies wat julle daar aanvaar het op die aksiekomitee se vergadering

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was alles in ooreenstemming met BEWYSSTUK CA22, hierdie dokument "Boycott Boycott Boycott" wat in jou besit was? -- Dit is nie so nie.

Waar het jy hierdie dokument gekry? -- Ek weet nie so goed waarvandaan ek dit gekry het nie. Dit is die dokument van "Boycott Boycott Boycott".

Was dit daar in die Vaal versprei gewees? -- Ek weet nie of dit daar versprei was en of daar nog ŉ persoon is wat dit in die hande gekry het nie. Al wat ek sê is, ek het dit op ŉ manier in my besit gekry. Hoe ek dit gekry het weet ek nie meer nie.

Is dit nie so nie dat julle ook hierdie dokument beskikbaar gehad op julle aksiekomiteevergaderings nie? -- Ons het glad nie dokumente gehad by die aksiekomitee se vergaderings nie. Eintlik al die dokumente wat u na verwys het wat gevind was, nie een van daardie dokumente was by die aksiekomitee se vergaderings teenwoordig nie.

En ek wil dit ook aan u stel dat hierdie resolusies wat die aksiekomitee aanvaar het en wat moes voorgelê word en aanvaar word op die stigtingsvergadering was ook in ooreenstemming met die UDF se beleid en voorligting? -- Nee, daar is nie so iets nie.

En daarom het julle ook net UDF sprekers genooi na die vergadering toe van die aksiekomtee? -- Ek het vroeër aan u verduidelik wat die rede was, onder watter omstnadighede was dit besluit om die sprekers te nooi en nie omdat hulle lede was van die UDF nie.

Is dit so dat hierdie sprekers het ook sterk beklemtoon hoe dat die mense moet verenig en moet saam werk met ander organisasies en by UDF moes affilieer? -- Niemand het dit

voorgestel/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voorgestel nie. Dit was ook nie ŉ UDF lid wat daardie voorstel gemaak het dat die VCA by UDF moet aansluit nie.

Het dr. Motlana nie gesê as die VCA gestig word moet hulle by die UDF aansluit nie? -- Nee, hy het dit nie gesê nie. Dit was gesê deur ŉ inwoner van die Vaal.

En daar is in daardie toesprake ook so ŉ voorstel gemaak dat so ŉ resolusie aanvaar word dat VCA moet affilieer by UDF? -- Waar? Deur wie?

HOF : Is u antwoord dat daar nie so ŉ voorstel gemaak is nie? -- Nee, al wat ek wil weet is duidelikheid, by watter vergadering word dit beweer dat dit gesê is?

MNR. JACOBS : Op die vergadering van die 9de? Ek het dit dan genoem? -- Ja, dit was gesê by die vergadering van die 9de. Iemand het daardie voorstel gemaak dat na die stigting van die VCA is sy gevoel dat VCA by die UDF moet aansluit.

En op die vergadering het julle ook in werklikheid die UDF se beleid aanvaar dat die swart plaaslike bestuur verkiesings geboikot moet word? -- As ek reg onthou was so iets gesê , maar in hierdie sin dat die persone wat gekies moet word doen nie die werk soos dit verwag word van hulle deur die inwoners nie.

En ek wil dit ook aan u stel dat UDF self sê dat die feit dat hierdie kampanje van UDF opgeneem is teen die swart plaaslike besture, het daartoe gelei dat die Vaal Civic Association onder andere tot stand gekom het, direk as ŉ gevolg van die UDF kampanje? -- Verstaan ek u reg dat u vraag is dat UDF het besluit dat daar ŉ Vaal Civic Association gestig moet word?

My vraag op hierdie stadium was aan jou gewees dat die UDF bevestig dat as gevolg van die UDF kampanje teen swart

plaaslike/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

plaaslike besture verkiesing het die Vaal Civic Association tot stand gekom onder andere? -- Ek het aan u gesê onder watter omstandighede die VCA daar gestig was. Dit was nie as gevolg van die kampanje van die UDF wat die mense, die inwoners beïnvloed het om hierdie organisasie te stig nie.

U edele, in dié verband verwys ek na BEWYSSTUK C110 bladsy 6 waar die UDF gesê het "The campaign resulted in the creation of new civic organisations, for example Vaal Civic Association, Alexandra Civic Association and the strengthening of existing civics for example the Soweto Civic Association." Ek wil u ook verwys na BEWYSSTUK AJ39. Dit is gevind by die huis van beskuldigde nr. 20 en die dokument op bladsy 5 daarvan sê ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar is die stelling waar dit gevind is?

MNR. JACOBS : Dit is BEWYSSTUK AAS - ek sal dit nou vir u gee.

MR BIZOS : May I be of assistance . It is AAS5 and it is a notice found at 1211 20th Avenue, Claremont (Home of accused no. 20).

MNR. JACOBS : En op bladsy 5 daarvan wil ek u verwys na die eerste paragraaf onder die opskrif "Vaal Civic Association. The Vaal Civic Association was launched at the end of 1983 on the initiation of the UDF at the time of the anti-black local authorities campaign. At its launch about two thousand people attended making it the largest anti- BLA mass meeting in the Tranvaal." Daar word dit spesifiek genoem dat die UDF was baie beslis die mense wat die inisiatief geneem het om die Vaal Civic Association tot stand te bring? -- Ek weet nie wie die skrywer van hierdie dokument was nie en wat my betref weet ek wat die rede was hoekom daar VCA

gestig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gestig was en ek dra geen kennis van wat hier genoem word nie.

Jy sien, ek wil jou ook verwys na BEWYSSTUK L2. Dit moet gelees word met BEWYSSTUK L1 bladsy 2 paragraaf 6. L1 is die notule van die UDF Transvaal se algemene raad se vergadering wat op 15 Oktober 1983 gehou is en op bladsy 6 word daar gesê dat "Reports from affiliates. Only written reports were accepted. Reports were received from anti-PC committee, MADUSA and the Vaal Action Committee." Nou, die Vaal Action Committee se verslag is dan L2 en dit is wat die Vaal Action Committee rapporteer en dank uitspreek voor. Die vierde paragraaf net 'n lyntjie "A series of consultations and meetings were organised. Amongst others members of the UDF were consulted and suggestions and advice from them and members of organisations like the Soweto Civic Association were welcomed." So, UDF en Soweto Civic Association het spesifiek gehelp met die tot stand koming van VCA? -- Wat my betref, die verslag wat gedoen was deur die persoon wat ons gestuur het na die mense toe, dr. Motlana as 'n bekende figuur tussen ons mense is dat daar iets bespreek was tussen die twee van hulle en die persoon het ons toe kom sê wat hulle bespreek het, maar dit was nie met die oog daarop dat die Soweto Civic Association se lede of leiers vir ons moet kom sê wat alles gedoen moet word ten opsigte van die stigting van hierdie organisasie nie.

In die eerste instansie hier word dit duidelik bevestig dat die aksiekomitee het konsultasies gevoer met UDF oor die stigting van die VCA? -- Ons het niemand as aksiekomitee uitgestuur om enige samesprekings te gaan uitvoer met die UDF nie.

Ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ek stel dit aan jou jy is verkeerd daar, want Esau Raditsela was uitgestuur en Edith Lethlake was uitgestuur saam met hom? -- Om wat te gaan doen? Deur wie gestuur?

Hulle is gestuur om te gaan konsulteer met UDF oor die stigting van VCA? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek dra geen kennis daarvan nie.

En dat UDF het aan hulle advies gegee en suggesties gemaak en wenke gegee? -- Dit sal dan iets wees wat te doene gehad het met Edith en Esau, net die twee van hulle.

En hulle het opgetree namens die aksiekomitee? -- Dit is nie so nie.

Want u sien, dit is vir my besonder eienaardig dat hier skryf die aksiekomitee ŉ verslag wat UDF spesiaal bedank, maar jy is die enigste man wat nie daarvan weet nie? -- Ek weet nie daarvan dat die aksiekomitee enige brief aan UDF geskryf het waar hulle dankie gesê het vir iets wat UDF gedoen het nie.

Hier wys ek hom dan nou vir jou, hier is hy voor jou? -- Wie het dit geskryf? Dit is my vraag.

Dit is die Vaal Aksiekomitee? -- Ek was by geen geleentheid teenwoordig waar die Vaal Aksiekomitee ŉ brief aan UDF geskryf het nie.

En ek stel dit ook aan u daar was ŉ konsultasie gevoer deur Edith Letlhake en Esau Raditsela ook met Soweto Civic Association oor die te stigte Vaal Civic Association? -- Wat ons van weet is dat ons ŉ versoek gerig het dat dr. Motlana as ŉ leier van die werklike organisasie van Soweto genooi moet word om ŉ toespraak te maak by ons stigting.

Kan u onthou op daardie stigtingsvergadering van die VCA op 9 Oktober 1983 dat beskuldigde nr. 22, dit is Thabiso

Ratsomo/....

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ratsomo vir ŉ sekere persoon daar spesifiek aan die gehoor voorgestel het, dit is die persoon Lombard Mbatha? -- Ek kan nie onthou dat Thabiso - ek kan liewers sê daar bestaan nie so iets dat Thabiso iemand voorgestel het nie, behalwe dat hy die resolusies gelees het.

Het hy hom nie voorgestel daar as ŉ oud inwoner van Robben Eiland nie en wat ŉ martelaar is van die stryd, die vryheidstryd van die swartman? -- Nee, daar bestaan nie so iets nie.

Kan u onthou dat hy die ouers van ŉ persoon met die naam van David Moisi voorgestel het aan die gehoor? -- Ek het alreeds vir die hof hier gesê dat Thabiso niemand by daardie vergadering voorgestel het nie.

Ek stel dit aan jou hy het hom daar voorgestel as - die ouers voorgestel aan die gehoor as die ouers van David Moisi wat weens terroristiese aktiwiteite gevonnis was en die doodvonnis opgelê was, maar wat begenadig was?

MR BIZOS : To the best of our recollection there is no evidence of this and the matter has already been denied. I would ask your lordship whether the prosecutor is prepared to refer your lordship to what evidence in the state case he is putting in relation to this. If in fact he is merely asking in the hope of getting an answer, the question has already been answered. Mr Ratsomo, accused no. 22, did not introduce anybody and he only gave the resolutions. If I am correct that there is no evidence of this, then the circumstantial detail is being put in cross-examination for some purpose other than a purpose of properly trying to influence your lordship on the just outcome of the case. On what basis is it being put?

COURT/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT : Can it not be that he is attempting to re-awaken the recollection or memory of the witness?

MR BIZOS : Yes, he tried three times and the categoric answer has come out that Thabiso Ratsomo did not introduce anybody. This is why I accept that very often dramatic events awaken the memory of witnesses, but I think there can be no reasonable prospect of expectation in Mr Jacobs's mind that he will get an answer in view of the last three answers.

MNR. JACOBS : Die laaste vraag was net op die geval van Moisi. Die ander was nie gevra nie. Ek dink ek kan vra om die getuie - dat sy geheue miskien verfris word oor detail, dat hy dit miskien kan onthou.

HOF : Mits dit vir daardie rede is en nie om ontoelaatbare sake voor ons te plaas nie?

MNR. JACOBS : Nee, as hy dan daarmee kom, dan kan dit verder gevoer word.

HOF : Ja.

MNR. JACOBS : Antwoord die vraag? -- Daar bestaan nie so iets nie.

Gedurende die tydperk 21/6/83 tot 25/6/83 het u die nasionale raad van COSAS se vergadering te St Ansgars Conference Centre, Roodepoort bygewoon? -- Nee, ek het nog nooit 'n COSAS vergadering bygewoon nie.

Ek wil dit aan u stel dat op 19 November 1983 het u 'n vergadering in die Roomse Kerk Small Farms bygewoon saam met mnr. Malindi, beskuldgide nr. 5, Jerry Tlhopane, beskuldigde nr. 14, Amos Malindi, Simon Vilakazi, dit is jyself, Simon Nkoli, beskuldigde nr. 13 en Peter Maputsoe. Kan u dit onthou? -- Wie se vergadering was dit?

Dit was 'n vergadering wat belê was met die doel om

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie jeugkongres van stapel te stuur en te stig? -- Ek het nog nie ŉ vergadering van daardie aard bygewoon nie.

Nooit nie? -- Ek was nog nooit by ŉ nasionale vergadering gewees nie. Wat se nasionale vergadering praat u van?

Ek het nie gepraat van ŉ nasionale vergadering nie? Dit was ŉ vergadering van jong mense waaronder die mense wat ek genoem het teenwoordig was en wat gehou was by die Roomse Kerk Small Farms op 19/11/83 met die doel om hierdie Vaal jeug Congress van stapel te stuur? -- As daar vergaderings gehou was, was ek nie teenwoordig nie.

Ek wil dit aan u stel u het op daardie vergadering self gepraat? -- Wat het ek gesê?

HOF : Moet nou nie vrae vra nie. Dit is wat gestel word. U kan dit net ontken? -- Ek was nie by die vergadering gewees nie.

MNR. JACOBS : Kom ek probeer jou geheue vir jou verfris. Jy het daar op die vergadering onder andere gesê dat in alle swartwoongebiede oor die land, op ŉ landswye basis word soortgelyke swartorganisasies gestig? -- Ek was nog nie by so ŉ vergadering gewees nie. Ek het ook geen toespraak gemaak van hierdie aard by ŉ vergadering nie.

Het jy ooit enige toesprake - laat ek dit eers so stel. Is jou getuienis dan jy het geen organisasie of vergadering bygewoon wat gereël was of georganiseer was met die doel om ŉ jeugorganisasie tot stand te bring nie? -- Ek het vergaderings bygewoon met daardie doel.

En het jy hulle toegespreek ooit? -- Ja, ek het daar toesprake gemaak ten opsigte van hoekom ons dit nodig vind om so ŉ organisasie in ons area te stig.

En is dit so dat jy het beklemtoon op hierdie

vergaderings/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergaderings wat jy toegespreek het dat dit belangrik is dat die doelstelling is om die jeug te verenig? -- Ek sê in my toespraak het ek gesê aan die gehoor daar hoekom dit nodig was hoekom ek dit nodig sien dat ons 'n organisasie van die jeugdiges moet begin.

Antwoord net my vraag. Sê vir my, het jy beklemtoon op die vergaderings dat van die doelstellings om die jeug-organisasies te stig is om die jeug te verenig? -- Ja, by ons area.

En het jy ook vir hulle vertel dit is nie net julle in die Vaal wat dit doen nie, maar ook in ander gebiede is hulle besig om te organiseer om jeugorganisasies te stig? -- Nee, ek het nie so gesê nie.

Ek wil net een aspek hier met jou opklaar. Jy was bewus daarvan daar op 'n landswye basis ondersoek ingestel word oor die wenslikheid van so 'n jeug of sulke jeugorganisasies? -- In watter tyd praat u nou van?

In daardie tyd? In 1983? -- Ek weet nie daarvan nie.

Het julle nie gewag vir beskuldigde nr. 5 totdat hy gehoor het dat daar verslag aan hom gedoen word dat julle kan voortgaan met die stigting van sulke jeugorganisasies nie? -- Ek het nog nooit gewag op beskuldgide nr. 5 om vir my te laat weet of dit nou reg is om aan te gaan nie.

Het jy kennis daarvan gedra dat daar op die COSAS kongres van 1982 besluit was - by daardie kongres besluit was dat jeugorganisasies gestig moet word vir persone wat nie aan COSAS behoort nie? -- Nee, nee, nie soos u dit nou stel nie. Wat ek van weet is dat beskuldigde nr. 5 aan my gesê het dat die kongres besluit het dat mense wat nie meer op skool is nie mag nie weer as lede van COSAS aangeneem

word/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

word nie en daardie mense wie se lidmaatskap beëindig was daar op hulle eie, sonder die kongres, het toe besluit dat hulle nou ŉ organisasie gaan stig wat hulle as lede sal moet aanvaar.

Wat se organisasie of liggaam wou hulle laat stig? -- Dit is ŉ jeugdiges se organisasie.

Is dit die vir jeugdiges wat nie meer by COSAS welkom was nie? -- Dit is so.

En wat is gesê het hulle daar besluit, sou dit net in die Vaal wees of hoe het hulle gesê waar sou hierdie organisasies tot stand kom? -- Hy het dit nie aan my gesê of dit nou net bedoel was vir die Vaal of wat eintlik ander plekke was wat betrek word in daardie besluit nie.

Die vergadering van 26 Augustus 1984, is dit reg dat beskuldigde nr. 17 het ŉ toespraak gelewer? -- Ja, dit is so.

Het hy ŉ toespraak gelewer waarin hy die Vaal Civic Association se doelstellings uiteen gesit het? -- Herhaal die vraag?

Het jy moeilikheid om die vraag te verstaan of iets? -- Ek het iets gemis wat aan my getolk was terwyl ek my neus nou geblaas het, want ek ly aan ŉ borskwaal.

HOF : Dan vra u maar vir die tolk om dit te herhaal. -- Ja ek sal dan die tolk vra om dit te herhaal. (Vraag word herhaal) Ek kan nie meer so goed onthou wat alles in sy toespraak gesê was nie. Ek kan wel onthou dat hy iets gesê het aangaande die organisasie VCA. Wat hy presies gesê het is wat ek nie kan onthou nie.

MNR. JACOBS : Kan u onthou dat hy gesê het oor die VCA dat dit ŉ organisasie is wat teen die swart plaaslike besture is? -- Ek onthou nie dat hy iets daaromtrent gesê het nie.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan jy onthou dat hy die raadslede aangeval het en gesê het hulle is oneerlike mense, mense wat nie hulle plig kan doen nie, "puppets" van die regering? -- Daar is baie sprekers wat daar toesprake gelewer het en in hulle toesprake was melding gemaak dat die raadslede voer nie die mense, dit wil sê die gemeenskap se wense uit nie en dus, beskuldigde nr. 17 het iets te sê gehad, maar ek kan nou nie sê of hy ook dit gesê het nie.

In sy toesprake, het hy aanvalle geloods op die raadslede en die raadstelsel? -- Wat ek van kan onthou wat hy gesê het in sy toespraak het betrekking gehad op die VCA en die probleme wat ondervind was by die skole.

Het hy die mense daar aangemoedig om te verenig en saam te staan met die VCA? -- Wat ek wel kan onthou is dat hy melding gemaak het van hoe belangrik dit was vir die mense om by die VCA aan te sluit.

En was sy boodskap nie dat hulle moes verenig nie en dat hy die voorbeeld van die sukses wat hulle by die skole gehad het voorgehou het as 'n voorbeeld van hoe verenigde optrede sukses kan bring nie? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hy dit wel genoem het nie en toe 'n voorbeeld gemaak het toe hy melding gemaak het van die skoolkinders.

Kan jy onthou of hy gesê het dat die raadslede moet bedank, daar moet ontslae geraak word van die raadslede? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

Nooit gesê die raadslede moet bedank nie? -- Nee, hy het nie melding daarvan gemaak dat die raadslede moet bedank nie.

Het hy enigsins daarna verwys dat die raadslede is onderdrukkers van die swartmense in die woongebiede deurdat die

huur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

huur verhoog is? -- Ek weet nie of hy daarvan gepraat het nie.

In werklikheid lyk dit vir my kan jy baie min onthou wat beskuldigde nr. 17 gesê het? -- Al wat ek onthou is dit waarvan ek alreeds melding gemaak het in die hof.

Stem jy saam, jy kan nie juis veel onthou van wat hy gesê het nie? -- As daar iets anders is wat hy gesê het in sy toespraak waarvan ek nie melding gemaak het nie, weet ek nie, maar wat ek onthou waarvan hy gepraat het is dit wat ek genoem het en dit is al wat ek onthou.

Kan jy onthou of beskuldigde nr. 17 op enige vrae daar geantwoord het? -- As ek reg is, ja, hy het 'n vraag geantwoord daar.

Weet jy wat is die vraag? -- Ja, dit val my nou by, dit blyk of ek iets onthou as ek reg onthou.

Toe sê vir ons? -- As ek reg onthou is dit na melding gemaak was van die optog, dat iemand 'n vraag gevra het soos volg. Wat gaan gebeur met die gesinne van mense wie se lede gearresteer word in die optog. Waarop hy, as ek reg onthou, die volgende antwoord gegee het dat daar niks verkeerd was met die optog nie, dus volgens sy antwoord was dit nie moontlik vir arrestasies nie. U moet my mooi verstaan, ek sê as dit hy is wat daardie vraag beantwoord het was dit sy antwoord gewees, maar ek kan nie so goed onthou dat dit wel die vraag was waarop hy 'n antwoord gegee het nie.

Kan jy onthou of beskuldgide nr. 17 op enige stadium verwys het na die Bybel en na Gideon? -- Ja, ja, ek onthou nou baie goed dat hy iets te sê gehad het met verwysing na die Bybel. Ek kan net nie sê wat presies hy na verwys het in die Bybel nie.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was sy antwoord nie gewees as die gemeenskap ŉ besluit neem dan moet dit uitgevoer word en die mense moet nie lafaards wees nie en dié wat lafaards is moet nou sê as hulle lafhartig is? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar ek kan sê dat so iets deur hom daar gesê was.

Beskuldigde nr. 5, het hy gepraat namens die jeug? -- Hy het wel daar ŉ toespraak gemaak, maar hy het nie gesê namens watter organisasie maak hy die toespraak nie.

Was hy nie voorgestel deur die voorsitter daar as die spreker namens die jeug nie? -- Nee.

Het hy nie self gesê hy praat namens die jeug nie? -- Hy het nie gesê dat hy namens die jeugorganisasie praat of die jeugdiges se organisasie praat nie.

Jy sien, maar was hy nie spesifiek genooi na daardie vergadering as ŉ jeugspreker nie? -- Ek weet nie daarvan dat hy genooi was as ŉ jeugspreker nie. Hy het net daar ŉ toespraak gemaak. Ek het gesien dat hy ŉ toespraak daar gelewer het.

Kan jy onthou dat hy gesê het dat die jeug en die ouers, die grootmense, die werkers, hulle moet saam staan in die stryd nie? -- Nee, hy het dit nie gesê nie.

Het hy nie in sy toespraak ook verwys na die hoë huur in die Vaal nie, die huurverhoging? -- Al waarvan hy gepraat het, was aangaande die vergadering wat hy bygewoon het.

Het hy nie gepraat oor die raadslede en gesê hulle is "puppets" en die gemeenskap moet ontslae raak van hulle nie? -- In my getuienis het ek gesê sprekers het wel melding daarvan gemaak dat die raadslede "puppets" was en hyself, ek weet nie of hy een van daardie mense was wat ook gesê het dat daar ontslae geraak moet word nie.

SO/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

So, u kan eintlik ook dan sy toespraak nie heeltemal onthou nie? -- Ek onthou sy toespraak.

Maar dan sal jy mos vir die hof kan sê as jy onthou of hy gepraat het van die raadslede? -- Ek sê ander mense het daarvan gepraat dat raadslede "puppets" was en u vraag was het hy nie daarvan gepraat nie. Nou, my antwoord is, dit kan wees dat hy ook iets gesê het daaromtrent, maar daar was wel mense wat daar iets gesê het omtrent die "puppets".

Dan sal ek dit weer aan jou stel, jy onthou ook baie min van sy toespraak, as ek jou getuienis reg verstaan? -- Nee, dit is nie so nie. Ek onthou baie van wat hy gesê het.

Maar jy kan nie onthou of hy ooit van raadslede gepraat het nie? -- Ek kan nie onthou dat hy ook gesê het dat die raadslede "puppets" is nie.

Kan jy onthou of hy van die raadslede gepraat het? -- Ek onthou nie.

Jy kan nie onthou of hy gepraat het oor die verhoogde huur nie? -- Hy het daarvan gepraat, dit is oor die verhoogde huur.

Wat het hy daaroor gepraat? -- Hy het gepraat van die besluit van die vorige vergadering wat hy bygewoon het dat daar ȵ besluit geneem was van ȵ wegbly-aksie en toe gesê dit sal beter wees vir die mense wat deelneem aan die wegbly-aksie om "rallies" te hou.

Jy het nou nog nie die hof geantwoord oor wat het hy gesê oor die huur in sy toespraak nie, behalwe nou ... -- Ek het gesê in protes met die verhoogde huur sal hulle "ral moet hou.

Behalwe dat hy gesê het wat die resolusies was wat

op/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

op ŉ ander plek aanvaar is, het hy enigiets op hierdie vergadering gesê in sy toespraak omtrent verhoogde huur? -- Nee, niks nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

MAXALA SIMON VILAKAZI, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Kan u onthou of beskuldigde nr. 5 geantwoord het op enige vraag? -- Ja, ek onthou.

Op watter een? -- Op ŉ vraag deur iemand wat sal gebeur ten opsigte van die huurmotors wat hulle ry as hulle met klippe aangeval word, waarop in antwoord beskuldigde nr. 5 gesê het dit het nog nie vantevore in die Vaal gebeur dat huurmotors met klippe aangeval word nie en in sy antwoord het hy dit duidelik gemaak dat dit nie sal gebeur nie.

Het hy gesê hoe gaan dit verhoed word? -- Ja, dit is na die bespreking oor die versoek wat gerig gaan word dat daar nie busse of huurmotors op hierdie dag gebruik gaan word nie in dié opsig dat daar geen operasie uitgevoer gaan word deur hierdie tipe voertuie nie. Ek mag miskien die dinge ŉ bietjie verwar, in die sin dat die vraag gevra was na dit genoem was dat die versoek gerig gaan word aan die gebruikers van daardie voertuie, of dat daar vroeër melding daarvan gemaak was dat so ŉ versoek gerig gaan word.

Antwoord nou maar my vraag. Ek het gevra hoe het hy daar gesê hoe sal dit verhoed word dat die mense met klippe gooi? -- ŉ Antwoord wat hy gegee het was dat dit het nog nooit vantevore gebeur nie en hy het eintlik nie ŉ waarborg gegee dat dit nie sal plaasvind nie. Al wat ek kan onthou in sy antwoord was dat dit nooit vantevore gebeur het nie.

Is dit al wat hy gesê het, dit het nooit vantevore

gebeur/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebeur nie? -- Dit kan wees dat hy iets meer as dit gesê het. Ek kan net nie meer onthou wat se redes hy aangevoer het na hy dit gesê het nie.

Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 5 het vanaf die gesigspunt van die jeug samewerking met die ander organisasies en die inwoners van die Vaal belowe? -- Ek weet nie daarvan dat hy wat hy gesê het namens die jeugdiges van die Vaal gesê het nie.

En dat hy beloof het dat daar samewerking tussen die jeug en die ander organisasies en inwoners sal wees teen raadslede en die raadstelsel? -- Daar was geen melding gemaak van die jeugdiges se organisasie nie, want daar het nie een bestaan nie.

Het daar nie COSAS in die Vaal bestaan nie? -- Dit het bestaan.

Jy het dan nou vir die hof gesê daar het nie een bestaan nie? Jy het die hof doelbewus probeer mislei? -- Nee, COSAS is nie die jeugdiges se organisasie nie. Dit is skoolkinders se organisasie.

Ek wil dit verder aan jou stel dat beskuldigde nr. 5 het vanaf die gesigspunt van die jeug aanvalle geloods teenoor die raadslede en die raadstelsel? -- Nee, daar is nie so iets dat beskuldgide nr. 5 dit gesê het of iets gesê het teen die raadslede of die plaaslike besture nie. Ek weet wel daarvan dat die mense nie die raadslede aanvaar het nie. Hulle het die raadslede "condemn" aangaande die werk wat hulle gedoen het.

Kan u onthou of hy enigiets gesê het dat die jeug word ook geraak deur die huurverhogings omdat die ouers minder geld het om aan die jeug se opvoeding te bestee? -- Nee.

En/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

En ek wil dit aan u stel dat hy het die raadslede uitgemaak ook as oneerlike mense wat nie hulle pligte doen nie? -- Ek het gesê mense het daarvan gepraat dat die raadslede nie die pligte wat aan hulle toegeken was uitvoer nie. Dit kan wees dat hy dit miskien ook gesê het saam met die ander mense.

En dat hy ook gesê het die raadslede is "puppets" en onderdrukkers van die swartmense deur die huur te verhoog? -- Ek weet daarvan dat ander mense dit gesê het naamlik dat die raadslede "puppets" is.

En die swartmense onderdruk deur die huur te verhoog onder andere? -- En dat hulle probleme veroorsaak vir die swartmense.

En dit is dan ook moontlik dat beskuldigde nr. 5 dit gesê het? -- Net soos die ander mense wat daarvan melding gemaak het. Dit kan wees dat hy ook daarvan melding gemaak het.

En ook daar voorgestel het dat die mense moet ontslae raak van die raadslede? -- Ontslae raak van die raadslede? Hoe? Op watter manier?

Het hy dit gesê? -- Hy het geen melding daarvan gemaak dat daar ontslae geraak moet word van die raadslede nie.

Rina Mokoena, sy het daar gepraat namens die vroue-organisasie, nè? -- Ja, ek onthou dat daar wel so 'n vroumens was wat namens die vroue-organisasie gepraat het.

Ken u vir Rina Mokoena? -- Destyds is ek nie seker of ek geweet het wat haar naam is nie, maar ek onthou 'n vroumens wat daar gepraat het wat toe later hier kom getuig het. Ek het haar herken en toe die naam goed geken as Rina Mokoena.

Is dit reg dat sy het gesê die vrouens moet ook

verenig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verenig en hulle moet die mans bystaan in die stryd teen die verhoogde hure onder andere? -- Nee, al wat ek onthou is dat sy gepraat het van die probleme aangaande die huur wat sy self ondervind het.

Kan jy onthou of sy daarna verwys het toe sy gesê het die vrouens moet verenig en saam staan, dat sy verwys het na suksesse wat vrouens in die verlede behaal het toe die vrouens verenig het? -- Sy mag miskien melding daarvan gemaak het. Wat ek wel kan onthou is dat sy melding gemaak het oor die vroue-organisasie, in die sin dat sy van die vroue-organisasie gepraat het in die Vaal area.

Kan jy onthou dat sy verwys het na verenigde aksie omtrent die skoolkinders vroeër waar die mense verenig was? -- Die enigste persoon wat ek kan onthou wat melding daarvan gemaak het in die toespraak daar, was mnr. Matlole. Dit is aangaande die skoolkinders se probleme.

Kan jy onthou dat sy gemeld het van vroeëre jare, in die jare vyftigs toe daarso die vroue verenig het en opgemarsjeer het na Pretoria toe oor bewysboeke? -- Ek weet nie of sy daarvan gepraat het nie.

Kan jy onthou namens watter organisasie het sy gepraat? -- Ja, die vroue-organisasie VOW.

Did this person that you considered the chairman say anything to you? -- Yes, what he said was that during our previous meeting we were discussing the question of rent saying that we are not paying the increase on the present rent and we have requested the councillors to come to our assistance. They failed to do that, as a result we are now calling upon them to resign as councillors. It was further said that we must not buy from their businesses, their shops so that they, the councillors, can realise that we do not have the money to pay the rent, that is why we cannot even buy from their shops, so that they can feel pity for us.

Can you recall whether he said anything else? -- What was said thereafter was that you will remember that last week some documents were given to you in order that the documents be signed and it was further said that we will be pleased if those documents could be signed by many people.

Anything/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Anything else? -- After that the minister was then given the opportunity to address the meeting.

What did the minister say? -- What he said was, I am going to ask you to have these documents signed by as many people as possible, because I see some of the documents here have not been signed by many people. People must sign these documents at their own free will without being forced to do so. He further said we want these documents signed in order to take a decision as to whether we can take this matter to court. He also made an announcement to the meeting that he was leaving for a conference at which he can make enquiries about what to do in order to get this before ths court. He further said that seeing that you would not be home by Monday, those that have been signed, completed and signed shall have to be delivered at his residence, because of the fact that he would not be home. This can just be delivered at his house. I remember another speaker who was said to have come from AZAPO. This person said to be united, is one way one can have power of doing things. He is therefore saying to us if we speak in one voice being united, then the chances of succeeding in what we are aiming at are very good. Saying that for example the people in Ratanda and Mohlakeng were united and they spoke in one voice which resulted in their request being accepted and he further said at the end that to be united is the way one can have more power. This meeting was not long. It was held for a short while. Just before the closure of the meeting after this man had said that unity is strength somebody came up with a document saying this document was from Sebokeng. The person saying that is a resident of Sharpeville.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT : Was it a man or a woman? --It was a woman. That person said to us there at that meeting according to this document I have here, there were resolutions taken by the residents of Sebokeng which are saying that on Monday nobody will be going to work and there would not be any schooling, at which the people at this meeting said we here are not people from Sebokeng. As far as we are concerned those who want to go to work will go to work. Those who feel they cannot well, it is for them to decide they can stay home, as a result of which then a certain man got up and said people, my advice to you is this, those who can afford going to work, let them do so and go to work. Those who would not be going to work, let those people come here, let us meet here in order to discuss the ultimate end. That means they must come here on Monday, meaning the following day. I am not quite certain who this person is, but if my memory serves me well what I got to know was that the speaker who said this was Hlomoka.

MR BIZOS : Have a look around and see if you see this person who said those things? -- Hlomoka is the one sitting in the middle there.

COURT : Accused no. 2.

MR BIZOS : At this meeting did the minister say that now is the time that Mahlatsi and his company must be shown and they danced on our heads for too long and they came to their last - they came to the last station?

COURT : Have come to the last station?

MR BIZOS : Have come to the last station? -- No, that is not true. That is a lie.

COURT : What does it mean come to your last station? -- I really do not know what a person means when saying that,



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

because I do not know that kind of expression by any person where I was involved.

MR BIZOS : Did Hlomoka or anyone else say in relation to the councillors "Mabafe"? -- No, I did not hear that. There was no such at this meeting. No such talk.

Did you sign any document at this meeting? -- No, they were too many there, people were too many there at the time. So, I decided not to sign and just said to myself well, I can just as well pass there on Monday and sign, but I did not.

Did you think or make any decision as to what you would do the next day, that is Monday, the 3rd? -- Yes.

What did you decide that you would do? -- That I was going to sign.

Where would you sign? -- No, do not forget, I am self-employed. I do not go to a white man for employment purposes. I work for myself in the township. What I had in mind was that I would go there any time and go and sign and then go to my work.

COURT : What is your occupation? -- Plasterer, a builder and in fact I sometimes make stoeps for people.

MR BIZOS : Did you go to work the next day on Monday morning? -- I could not make it for work. I got up at the usual time and prepared myself to go to work. After having prepared myself for going to work, my children left with the view of going to school and they came back and reported to me that there were many vehicles moving up and down the street there and there are big vehicles as well, which looked like the police vehicles and not long I saw a big vehicle passing my place and a rubber bullet was shot which broke the window-

pane/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

pane and the next thing there was a smelling of something which affected us and my children were confused as a result of which then I decided that I was not going to work.

You say that a rubber bullet was shot through your window. Which window?

ASSESSOR (MR KRUGEL) : No, he did not say that.

COURT : A rubber bullet broke the window-pane.

MR BIZOS : Broke the window-pane. Did it come into the house? -- Yes, it landed on the stove inside the house.

Was there any group of people outside your house on your stoep or in your yard or in the street when this rubber bullet landed through your kitchen window onto your stove? -- There was not many people there on the premises. It was only myself and my family.

COURT : Were you standing outside? -- There was nobody outside except for one child who came running into the house. What happened is, when I heard the breaking of the window-pane this child came running into the house.

What time was it? -- It was before 08h00. After 07h30 but before 08h00.

MR BIZOS : What did you do with the rubber bullet that landed on your stove? -- I took it and kept it safe. I still have it with me.

Do you have it here with you? -- Yes, I have it here with me now as I am standing here.

Where? In your pocket? -- Yes, I have got it in my pocket here.

Why did you keep it? -- Because to me this predicted an ill-omen. It hit the frame of the window which is up to now still bent and broke the pane.

And/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

And you also said that there was gas?

MNR. JACOBS : Die getuie het nooit gepraat van "gas" nie. Hy het net gepraat van 'n "rubber bullet" wat daar gekom het.

MR BIZOS : I think I am correct, he did mention something about gas.

COURT : He did not mention the word "gas". He said something affected them which came through the window. Of course, he thinks it is teargas.

MR BIZOS : I am sorry. What affected you that came through the window? -- I just want to complete my answer. There was a terrible smell in the house which resulted in me saying to the children they must go out of this house because of this smell, but the children would not leave the house.

What effect did this thing with the terrible smell have on you? -- It affected me very seriously because I am suffering from TB myself and this having affected my breathing, I had a very difficult time in breathing after this thing which also affected my eyes.

At the time that you were affected by this gas, was there any group of people outside your house or in the immediate vicinity of your house, running or shouting or doing anything wrong on the street or near the house? -- No, there was nobody at that time.

COURT : Nobody in the street? -- I was in the house at the time, but there was not many people outside, not at that time.

Let me just get clarity. Are you saying that you did not look or you could not see or are you saying you did look and there was nobody in the street? -- I did not go and look at the street if there were any people. So, therefore

I/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

I did not see whether there were any people in the street.

MR BIZOS : Did you hear anything which indicated to you that there was a group or groups of people outside behaving in a riotous fashion? -- Not at that time. At that time it was between 08h00 and 08h30. I was noet yet aware of anything happening in the fashion one would describe as rioting.

Later in the day did you become aware of any ricting taking place? -- Yes, later in the day I became aware of the riots there. What happened is, my house is not very far from a place which is used by the municipality as a storage. I noticed a group of people composed of elderly people and young people, going to the place. These people caused damage to the place and in fact ended up setting it alight.

At what time was that? -- It was after lunch, about 15h00 or 15h30.

K1162 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Mnr. Xaba, woon u binne loopafstand van die kerk van beskuldigde nr. 3? -- Ja, dit is net 'n entjie, maar nie so ver nie.

Hoe lank loop u soontoe? -- Omtrent ses tot tien minute. Dit kan tien minute wees as jy nog stadig loop of loop en mense groet en met die mense praat.

Die persoon wat u van praat, mnr. Nhlapo, weet u waar bly hy? -- Ja, Vuka.

HOF : U woon waar? -- Phomolong.

Waar is Phomolong? -- Dit is aan die begin van die plek bekend as Rooistene.

Ek weet waar Putsoastene is en ek weet waar Rooistene is, Is dit tussen die twee? -- Rooistene en Phomolong

grens/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

grens aan mekaar. Eintlik die straat wat ŉ grens vorm van die twee gedeeltes is Sobuzastraat.

Lê u aan die noordekant van Seeisostraat? -- Ja, aan die regterkant

Aan die regterkant as jy wat doen? -- Vanaf die administratiewe kantore af met Seeisostraat is my huis aan die regterkant.

En is u huis aan die noordekant of aan die suidekant van Sobuzastraat? -- Nog steeds aan my regterkant as ek daar loop. Eintlik kyk ek in die rigting van Seeisostraat - van Sobuza.

Is aan die oostekant van u huis ŉ plek met die naam van Phelandaba? -- Ja, dit is Phelandaba.

MNR. FICK: Wanneer die eerste keer op die oggend van 3 September het u gesien hier is iets buitengewoons aan die gang in Sharpeville? -- Net voor hierdie skoot wat op my huis gevuur was het die kinders aan my ŉ verslag gedoen van die kinders wat heen en weer beweeg, dat hulle nie skool toe kan gaan nie.

Het u nie gesien dat daar brand plekke voor die tyd nie, daar trek rookkolomme in die lug? --Nee, ek het niks op daardie stadium opgelet nie.

Het u nie op die dag van 2 September gedurende die nag bewus geword van enige probleme in Sharpeville nie? -- Die nag van die 2de was daar baie voertuie gewees wat daar in daardie omgewing beweeg het. Ek kon sien iets is verkeerd iewers, maar ek het toe nie geweet destyds al wat verkeerd was en wie se voertuig dit was nie. Of dit die polisie se voertuie was of die soldate se voertuie wat daar beweeg het.

Raadslid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Raadslid Sekobane, weet u waar hy woon? -- Ja.

Hoe ver is dit van u huis af? -- Dit is ŉ hele ent ver van my huis af.

Maar het u nie die oggend daar gesien hier by 07h00 se kant al dat hierdie raadslid se huis en sy voertuig - daar is ŉ brand aan die gang by raadslid Sekobane se huis nie? -- Nee, ek het glad nie iets opgelet nie.

Het u enige padversperrings gesien die dag van 3 September? -- Ek het niks gesien nie.

Op geen stadium ooit nie?

HOF : Is dit u saak dat daar padversperrings noord van Sobuzastraat was?

MNR. FICK: Nee.

HOF : Het die getuie gesê dat hy uit sy huis uit gegaan het op daardie dag?

MNR. FICK: Ek wil dit nog vasstel.

HOF : Hy het nie X-straal oë nie?

MNR. FICK : Nee, ek dink nie so nie. Het jy die dag van 3 September jou huis verlaat? -- Ek het vir die hele week glad nie my jaart verlaat nie.

En verstaan ek u reg dat u was die oggend van 3 Septemb in u huis gewees totdat u daardie reuk gekry het in die huis en die voorval met die rubberkoeël. U was nie uit u huis nie? -- Dit is nie dat ek die hele tyd in die huis was nie. Ek was uit die huis gewees op my perseel dat ek in die straat kon sien. Dit is juis die punt hoekom ek kon sien dat daar mense was wat daardie plek aan die brand gesteek het, maar ek was nie op die straat nie.

Nee, ek praat nie van toe die plek aan die brand gesteek is nie. Ek praat van voor dit toe die kinders aan

u/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

u ŉ rapport kom maak het toe hulle teruggekom het van die skool af en u die reuk gekry het van die traangas? -- Ek was al uit die huis gewees.

Net een keer of - laat ek so vir u vra, toe die kinders die rapport aan u gemaak het, was u in die huis? -- Hulle het my in die huis gekry, verslag aan my gedoen en as gevolg waarvan ek toe die huis verlaat het om na buite te gaan. Met my aankoms buite was ek toe deur hierdie ding geaffekteer van die reuk.

En was u in die huis gewees toe die rubberkoeël teen die venster geval het? -- Ja, ek was in die huis gewees op daardie stadium.

Betaal u huur by u huis waar u woon? -- Nie op die oomblik nie.

Wanneer laas het u huur betaal? -- Of net voor Augustus of in Augustusmaand was my laaste maand wat ek betaal het.

1984? -- Ja.

U was laas op ŉ vergadering, het u vir die hof gesê, waar besluit is die verhoogde huur word nie betaal nie, maar wel die bestaande huur. Hoekom betaal u nie huur nie? -- Nee, waar sal ek betaal? Daar is nie mense by daardie kantoor waar ek huur kan betaal nie. Die gras het so hoog gegroei daar. Ons wag nog vir die mense om vir ons te sê wanneer ons moet kom betaal en waar.

U het nie uit u eie gaan uitvind wat aan die gang is nie? -- Ek het al navraag gedoen by die mense wat ek daar gekry het op ŉ stadium wat aan my gesê het ons moet wag, ons sal later hoor.

My inligting is dat daardie kantore nie toegemaak is soos u beweer nie. Die gras groei nie so lank daar omdat die

kantoor/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kantoor toegemaak is nie, maar daar word nog steeds huur ontvang by daardie kantoor? -- Maar daar is niks wat my verhoed om my huur te betaal nie en daar is ook nie bewys dat daar wel betaal word daar nie. Ek wag tot tyd en wyl ek 'n bewys kan kry om te betaal, dan sal ek betaal.

Maar hoekom gaan u nie soontoe en gaan bied u geld aan nie? -- Daar is nie mense by hierdie kantore by wie ons sal betaal nie.

Het jy gaan kyk? -- Ek was by daardie kantore gewees waar ek gaan kla het by Mahlatsi se polisie en vir hulle gevra het om my te help.

Wanneer was dit? -- Verskeie kere in die verlede en in die jare. Ek was daar gewees oor die probleme wat ek gehad het omtrent die kinders.

Is dit nou na 1984? -- Ja, dit is na dit.

Dan het jy die polisie daar gekry? -- Ja, dit is net die polisie daar.

En die kantore is ook daar?-Die kantore is oop daar maar die afdeling waar gelde ontvang word is nie oop nie. Daar is niemand daar nie.

Net voor ons afstap van 3 September. Die kwessie van die traanrook, u het nooit gesien waarvandaan hierdie reuk kom wat u geaffekteer het nie? -- Ek het voertuie gesien wat daar verby is wat hierdie ding versprei het met die verbygaan.

Was dit nou dat u geaffekteer is of voor dit? -- Ja, die reuk was al daar.

Is dit voordat u geaffekteer is? -- Die reuk was al daar vanaf die oggend.

Ek wil met u gaan na die vergadering van 5 Augustus

1984/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

1984. Het hierdie vergadering 'n voorsitter gehad? -- Waar? Watter een?

Die vergadering van 5 Augustus 1984? -- Ja, daar was.

Wie was die voorsitter gewees, weet u? -- As ek reg onthou mnr. Dlamini.

En toe hierdie vergadering begin het, is daar verduidelik aan die mense in verband met die huurverhoging waarom dit gedoen is? -- Ja, hulle het gepraat.

Is dit aan u verduidelik dat daar verbeterings noodsaaklik is of gevra is deur die gemeenskap en dat die huurverhoging nodig is om daarvoor te betaal? -- Nee, die vraag is nie vir my duidelik nie. Kan u die vraag vir my 'n bietjie duideliker stel?

Is daar verduidelik en gesê kyk, hierdie huurverhoging is omdat daar sekere verbeterings is wat die inwonders gevra het wat moet aangebring word in die woongebied en hierdie huurverhoging is nodig om daarvoor te betaal? -- Ja, hulle het gesê.

En was u tevrede gewees om te betaal vir verbeterings? -- Ek was nie tevrede nie.

Maar u wou die verbeterings gehad het seker? -- Ja, dit wil ek nou nog hê.

Wie dink u wie moet betaal daarvoor? -- Die verhogings wat ons alreeds vantevore betaal het is in staat om daardie werk te doen.

Op watter stadium het u uit hierdie vergadering uitgeloop? Wat was besig om te gebeur in die vergadering op 5 Augustus toe u uit is? -- Ek weet nie wat later gebeur het na ek die vergadering verlaat het nie.

Ek wil nie vir u 'n klomp onnodige vrae vra nie. Daarom

probeer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

probeer ek by u vasstel toe u by hierdie vergadering uitgegaan het wat was besig om te gebeur? -- Dit is tydens die vrae wat gevra was aan die raadslede.

U het ꞌn persoon Nhlapo genoem. Wie het nog vrae gevra aan die raadslede? -- Nog twee ander persone of drie wat ook dieselfde tipe vraag gevra het soos Nhlapo. Byvoorbeeld Nhlapo se vraag was julle kom nou net vir ons sê dat die huur verhoog is. Ons is mense wat julle nou net onlangs gekies het en julle het dit nie met ons bespreek nie. Dink julle dit is reg om dit so te werk. Daar was nie ꞌn antwoord gewees nie en dieselfde geld vir die twee of drie amder mense wie se vrae ook maar daarop gemik was. Daar was ook nie antwoord nie.

Het u op hierdie vergadering enige vrou hoor praat of vrae vra? -- Ek dink amper as dit die geval is dat ek alreeds die vergadering verlaat het, want ek het nie ꞌn vroumens gehoor praat nie.

Het u gehoor op hierdie vergadering, die rukkie wat u daar was, dat iemand het gevra maar is daar nie ꞌn ander bron om te betaal vir hierdie verbeterings nie? -- Nee, die enigste persoon wat ek gehoor het wat daar gepraat het beha van die verhoor was Kolisang wat gesê het dat ons gesê moet word, dit is dat die gehoor gesê moet word dat hulle die persone is wat verantwoordelik is vir die verhoging van die huur om die redes genoem.

Wat was die oorsaak, hoekom het Kolisang dit gesê? -- Dit is toe hy besef het dat die gemeenskap nie tevrede is omdat hulle nie ꞌn antwoord gekry het nie.

Oor wat? -- Oor die feit dat die raadslede die gemeenskap moes kom toespraak het en verneem het wat die houding is

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en hoe hulle dit gewerk het om te besluit dat die huur verhoog moet word.

Het enigiemand op hierdie vergadering voor u die vergadering verlaat het gesê maar kyk, die huurverhoging moes eintlik hoër gewees het as hierdie R5,90? -- Ja, iemand het so gesê.

Wie het dit gesê? -- As ek reg onthou was dit mnr. Sekobane.

Wat het hy gesê? -- Hy het gesê hy het met die mense gepraat dat die verhoging verminder word. Dit is hoe dit gekom het dat die verhoging op R5,90 was. Andersins moes dit ver meer as dit gewees het.

Het hy gesê hoeveel? -- Nee, ek het nie gehoor dat hy sê hoeveel dit moes gewees het nie.

Het enigiemand op die vergadering gesê maar hierdie huurverhoging moes eintlik R50,00 gewees het of julle moet nie verbaas wees as dit R100,00 word nie? -- Nee, ʼn persoon wat daarvan melding gemaak het is Dlamini. Toe hy gehoor het dat die mense begin mompel oor hierdie verhoging, het hy daar aan die gehoor gesê julle moet nie verbaas nie, die huur gaan nog verhoog word. Dit kan omtrent R100,00 wees waarmee die huur verhoog kan word.

Ken u ʼn persoon met die naam van Botso Nkoane? -- Ja, ek ken hom.

Was hy daar? -- Ek het bewus geword van sy teenwoordigheid daar buite. Binnekant in die vergadering was ek nie van sy teenwoordigheid bewus nie.

Op die vergadering van - ek gaan met u na die vergadering van 2 September 1984 toe. Wie was die voorsitter van hierdie

vergadering/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering gewees sê u? -- Ek ken nie die persoon so goed nie, want dit was die eerste keer wat ek 'n vergadering by die kerk bygewoon het.

Hy is nie voorgestel aan die vergadering die voorsitter nie? -- Dit is 'n ou ding wat lank gelede plaasgevind het. Ek kan nie meer onthou nie.

Ken u 'n persoon met die naam van Nozipho Myeza? -- Nee, ek ken haar nie.

Is daar op hierdie vergadering verduidelik aan die mense, 2 September 1984 se vergadering wie het hierdie vergadering gereël of wie se vergadering is dit? -- Nee, al wat gesê was daar was dat die vergadering van die inwoners was. Dit wil sê dit het te doene gehad met die inwoners almal van ons daar teenwoordig.

Ken u 'n vrou met die naam van Nana? -- Ek ken haar nie.

Wie het op hierdie vergadering van 2 September gesê soos u getuig het dat ons het besluit ons gaan nie hierdie huurverhoging betaal nie, ons gaan net die normale huur betaal? Wie het dit gesê? -- Dit was die voorsitter gewees.

Het u op hierdie vergadering enige boekies gesien rondbeweeg tussen die mense waarin geskryf is? -- Boekies?

Ja, van hierdie koerantverslaggewers se boekies? Hier[illegible] wat hier bo die draad in het? -- Ek het dit nie gesien nie.

Die petisie self, het u dit gesien? -- Ja, ek het gesien maar ek het nie nader daarna gekyk nie.

Was dit een vorm of was dit 'n pak of was dit in 'n boek of hoe was dit? -- Dit was 'n hele paar of meer as een papier in die vorm van 'n oefeningboek se grootte.

Was hulle rondgestuur tussen die mense in die gehoor tydens die vergadering? -- Dit was op die stadium na die

afsluiting/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

afsluiting van die vergadering waar die mense besig was om uit te gaan toe die versoek gerig was dat dit geteken moet word.

Nie gedurende die verloop van die vergadering nie? -- Nee, die vergadering was al gesluit.

Hierdie persoon wat u sê wat van AZAPO gepraat het, wat is sy naam? Weet u? -- Ek weet nie.

Is hy nie voorgestel aan die gehoor nie? -- Hy was voorgestel. Ek vergeet net sy naam. Dit het lank terug plaasgevind.

As u onthou of die man gepraat het as die mense probleme kry in die Vaal dat AZAPO sal die mense help? -- Nee, hy het nie so iets gesê nie. Dit is 'n leuen.

Nou waaroor het hy met julle kom praat dan? -- Wat hy gesê het was dat hy gee vir ons raad dat die mense van Mohlakeng en Ratanda se gemeenskappe was verenig en hulle het toe daarin geslaag om die bedoeling van hulle uitgevoer te kry. Dus sy raad aan ons was dat ons ook moet verenig.

Het die persoon van AZAPO gesê wat het die mense reg gekry in Ratanda en Mohlakeng? -- Hy het gesê die huur was nie verhoog nie, die mense was jammer gekry omtrent die huurverhoging.

Is dit al wat hy gesê het van die twee plekke? -- Wat ek gehoor het wat hy gesê het, ja.

Hy het nie gesê hoe die mense dit reggekry het dat die raadslede moet bedank nie? -- Hy het nie daarvan gepraat nie.

Op watter stadium in die vergadering het hierdie pamflet ter sprake gekom wat u van praat? -- Net voor die afsluiting maar net naby die afsluiting was melding hiervan gemaak en [illegible] dit ook. Die dokumente was aan die gehoor getoon.

Was dit op 'n stadium toe daar reeds resolusies aanvaar

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was op hierdie vergadering? -- Nee, daar was geen resolusies hier aanvaar nie. Wat gesê was is dat die resolusies aanvaar of bespreek sou word die Maandag of na die bybringing van die dokumente met die terugkoms van die predikant vanwaar hy gegaan het en waar hy raad sal kan kry. Dan sal ons eers kan besluit.

Verstaan ek u reg, u sê daar sal eers die Maandag, die 3de besluit word oor die resolusies? -- Volgens wat daar gesê was, was die moontlikheid dat die besluite op Maandag geneem kan word.

Wat op hierdie vergadering is besluit oor 3 September? -- Wat gesê was is dat hulle weer bymekaar daar by die kerk sal moet kom.

Maar wat is gesê op hierdie vergadering, vir watter doel? -- Hulle gaan daar wag om te sien of die petisies in groot getalle geteken was.

Is dit wat besluit was op die vergadering van 2 September wat gedoen gaan word op 3 September? -- Ja.

Ek wil aan u stel wat daar wel op hierdie vergadering van 2 September gebeur het. Ek wil aan u stel dat hierdie vergadering was ŉ vergadering wat gereël was deur die organisasies in die Vaal. Dit is ŉ vergadering van die VCA en van AZAPO en van COSAS? -- Ek weet nie van die organisasies nie.

Jy het nog nooit voor daardie datum, 2 September 1984, van die VCA of die Vaal Civic Association gehoor nie? -- Nee, ek het nog nie daarvan gehoor nie.

En COSAS? -- Ek het nog nie daarvan gehoor nie.

En AZAPO? -- By hierdie vergadering was daar melding gemaak van AZAPO toe hulle gepraat het van die persoon. Dit was die eerste keer wat ek daarvan gehoor het.

Maar met die verkiesing van die raadslede in 1983 was

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar nie pamflette van die VCA wat ʼn kampanje gevoer het teen die raadslede nie? -- Bedoel u van Bafutsana party?

Nee, by die verkiesing van die raadslede in November 1983? -- Ek het dit nie gesien nie.

Ek stel dit aan u op hierdie vergadering is daar ʼn resolusie aanvaar anders as wat u sê dat die mense sou op 3 September bymekaar kom om te kyk hoeveel petisievorms is daar geteken. Daar is ʼn resolusie aanvaar dat daar gemarsjeer sal word? -- Dit is nie die waarheid nie. Dit is ʼn leuen. Ek was daar.

En daar is ook besluit en gepraat op hierdie vergadering teen die raadslede en die raadstelsel as sulks, het die sprekers hulle uitgelaat? -- Dit is ʼn nuwe ding waarvan ek hoor.

Is die raadslede nie op hierdie vergadering beskuldig dat hulle is die oorsaak van die verhogings en van die moeilikhede en probleme wat die mense het nie? -- Nee, dit was nie.

Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 3 het op hierdie vergadering, terwyl hy sy toespraak gemaak het, gesê "Mahlatsi and company" moet nou gewys word hulle het by "the last station" gekom, hulle het nou lank genoeg op ons koppe gespeel? -- Dit is ʼn leuen. Ek het dit nie gehoor nie.

En hy het ook gesê "Away with the councillors", weg met hulle en "Away with the high rent"? --Hy het dit nie gesê nie.

Hy het tog seker iets teen die raadslede gesê of was hy tevrede met die raadslede op die vergadering, beskuldigde nr. 3? -- Ek was ook tevrede met die bestaan van die raadslede. Die predikant het niks daaromtrent gesê nie.

Beskuldigde nr. 2, stel ek aan u, het vir die mense gesê dat hulle moet nie gaan werk op hierdie dag van die 3de

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie, daar moet gemarsjeer word Houtkop toe en die mense moet nie die huur betaal nie? -- Hy het dit nie gesê nie. Ek hoor dit vir die eerste keer hier.

En beskuldigde nr. 2 het toe geskreeu "Mabafe" en toe het die hele vergadering emosioneel geraak? -- Nee, dit is ŉ leuen. Ek hoor dit vir die eerste keer.

Is daar plakkate in hierdie kerk? -- Wat se ding is dit nou?

Waar op geskryf is, op kartonne en dit word teen die mure gesit. Het u enigiets daarvan gesien? -- Ek het dit nie gesien nie. Daar was nie so iets daar gewees nie.

En ŉ banier, ŉ stuk lap? -- Ja, ek het dit gesien. Dit was op die stoele gewees daar agter.

Nee, ŉ banier in die kerk waarop geskryf gestaan het. U sê dit was op die stoele agter. Watter stoele? -- Die stoele was daar in die nabyheid voor ons naby die altaar.

Ek stel dit aan u op hierdie banier wat daar was het daar gestaan "Away with the councillors. No more rent hikes." -- Nee, dit was nie so geskryf nie.

Het u gesien wat daar staan? -- Ja, ek het.

Was dit ŉ gedrukte banier? -- Nee, dit was met verf geskryf.

Wat het daarop gestaan? -- "Asinamalie - Ha re na chelete."

In wat se kleur is daar geskryf? -- Swart of groen, ek is nie seker van die kleur nie. Swart of rooi, verskoon my. Ek is nie seker van die kleur nie.

Oor hierdie kwessie van die petisie op die vergadering is daar, behalwe dat daar gesê is dat die mense moet die vo by beskuldigde nr. 3 se huis aflewer, is daar enigiets anders oor hierdie petisie gesê op die vergadering? -- Nee, ek het

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit nie gehoor nie.

Is daar enige mense aangestel of aangewys op hierdie vergadering om sekere take te verrig? -- Ja, ja, as u so sê, nou onthou ek. Daar was sekere mense gekies vir sekere areas om die petisievorms rond te neem om so gou as moontlik meer getekende vorms te kan bymekaar kry.

Wie het die mense aangewys? -- Hulle was nie aangewys nie. Wat gesê was daar was dat die mense gekies sal word. Nou ja, ek het nie gesien toe hulle gekies word nie.

Daar is nie op hierdie vergadering mense gekies nie? -- Nie op daardie tydstip daar nie.

Is daar gesê wanneer hulle gekies gaan word? -- Ons is toe weg terwyl die mense besig was om te teken. Ek kan nou net nie sê of die mense gekies was na ek weg was of wat die posisie is nie.

Het daar nie een geloop of was daar nie een op die vergadering aangestel om die mense se name neer te skryf wat aangewys is nie? -- Ek het nie opgelet nie. Ek het nie so ŉ persoon gesien nie.

Die getuienis voor hierdie hof is dat daar ŉ vroumens aangestel is deur hierdie vergadering om hierdie mense se name te kry. Sy sou daar op die vergadering hierdie mense se name aangeteken het. Wat sê jy daarvan? -- Ek sal dit nie ontken nie, maar ek het nie daardie persoon gesien nie.

Is op hierdie vergadering van 2 September na die raadslede verwys as "puppets" of"sell-outs"? -- Ek het dit nie gehoor nie. Dit is ŉ leuen.

Is daar enigsins op hierdie vergadering verwys na die raadslede en die kwessie van die verhoogde huur? -- Op die stadium wat ek daar was, het ek nie gehoor dat daar iets

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê word van die raadslede nie.

Ek dank u, ek het geen verdere vrae nie.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : no questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.